



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2010

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
TAAL EN SKRYFWERK

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

ALGEMENE INLIGTING

Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings

AFDELING A:	Leesbegrip	(20 punte)
AFDELING B:	Opsomming	(10 punte)
AFDELING C:	Taal	(30 punte)
AFDELING D:	Skryfwerk	(40 punte)

INSTRUKSIES BY AFDELINGS A-C

1. Beantwoord AL die vrae
2. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.
3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genummer is.
5. Laat 'n reël tussen die antwoorde oop.
6. Skryf netjies met blou of swart ink.
7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: KOERANTBERIG**

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die daaropvolgende vrae:

Baaise 'rubbermeisie' wil Suid-Afrika verstom met talent



1. Sy het nog nooit 'n gimnastiek-, ballet- of dansklas gehad nie, maar Caylan Witbooi (13) van Cleary Park se talent verstom almal.
2. Dié leerder van die Laerskool Fontein wil wys hoekom almal haar maar die Baai se rubbermeisie kan noem. Sy gaan aan 'n oudisie vir die TV-program *SA's Got Talent* deelneem. Caylan het gesê sy voel positief oor die oudisie en hoop regtig sy kan vir haarself 'n plekkie losdans.
3. Caylan se talent is by 'n skoolkonsert vir Mandela-dag raakgesien. Bellino, die kulkunstenaar, het gesê hy was stomgeslaan toe hy hoor Caylan het nooit formele onderrig in gimnastiek gehad nie. "Sy is fantasties. Sy spring agteroor, loop op haar hande en doen die *split*, net soos die beste gimnaste."
4. Caylan vertel hoe sy ses jaar oud was toe sy agtergekom het sy kan agteroor spring – dit nogal oor 'n koffietafel. Van toe af het sy amper elke dag 'n nuwe toertjie probeer aanleer. "Dit maak nie seer terwyl ek dit doen nie, behalwe as ek te lank in een posisie bly, dan is dit nogal seer.
5. "Ek gaan eendag net soos die popsangeres Shakira dans, of selfs 'n gimnas word. "Maar ek hou ook van hip-hop en *break dancing*. Daar is so baie dinge wat ek nog wil doen."
6. Me. Tessa Witbooi, Caylan se ma het gesê haar dogter verras haar elke dag. "Ek wens ek kan haar vir dans- of gimnastiekklassie stuur, maar die geld knyp 'n bietjie. Ek is so trots op my meisiekind, sy gaan nog ver kom. Ek weet nie waar haar talent vandaan kom nie, want nie ek of haar pa kan dans nie."

[Uit: *Die Burger*, 29 Julie 2010]

- 1.1 Hoekom word “rubbermeisie” in die opskrif tussen aanhalingstekens geplaas? (1)
- 1.2 Wat maak volgens paragraaf 1, Caylan se talent so uniek? (1)
- 1.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.
- Watter EEN van die volgende is ’n gepaste omskrywing van ’n **oudisie**? (paragraaf 2)
- A ’n plek waar ’n mens kyk hoe mense aan items deelneem
B ’n toets om te kyk of jy ’n rubberlyf het
C ’n toets om te kyk hoe goed ’n deelnemer is
D ’n plek waar danskompetisies gehou word (1)
- 1.4 “Bellino, die kulkunstenaar, het gesê hy was **stomgeslaan** toe hy hoor Caylan het nooit formele onderrig in gimnastiek gehad nie.” (paragraaf 3)
- Verduidelik in jou eie woorde wat die donkergedrukte woord binne hierdie konteks beteken. (1)
- 1.5 Hoe is Caylan se talent ontdek? (1)
- 1.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.
- Wat is ’n **kulkunstenaar** (paragraaf 3)?
- A iemand wat toertjies doen waardeur die toeskouer mislei word
B iemand wat geld/beursies uit mense se sakke steel
C iemand wat handsakke, ens. steel en daarmee weghardloop
D iemand wat towerkuns beoefen en daarvoor betaal word (1)
- 1.7 Hoe oud was Caylan toe sy vir die eerste keer agtergekom het dat sy talent het? (1)
- 1.8 Caylan het elke dag ’n nuwe toertjie probeer aanleer. (paragraaf 7)
- 1.8.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.8.2 Motiveer jou antwoord deur net EEN WOORD aan te haal. (1)
- 1.9 Wat is Caylan se toekomsdrome? Noem TWEE van haar drome. (2)
- 1.10 Wat kan Caylan doen as sy voel sy kry seer as sy op ’n sekere manier sit of buig? (1)
- 1.11 “Caylan se nuwe toertjies is niks nuuts vir haar ma nie.
- 1.11.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.11.2 Motiveer jou antwoord uit die leesstuk. (1)
- 1.12 Wat bedoel Caylan se ma as sy sê: “...die geld knyp ’n bietjie.”? (1)

EN

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is:

'N PLEK WAAR CORBIN BLEU EN HANNAH MONTANA
SAAM VUURPYLE BOU EN TOFFIES KOU ...

Hoezit!

Hoezit!

LEKKE!

wêreld
VAN HUL EIE
(’n tydskrif wat kindwees en cool-wees verstaan)

Hoez Hoez Hoezit!

Van skoolwerk tot nuwe giere, speletjies tot snaakse diere, eksperimente bou tot bekendes dophou, word **HOEZIT!** elke kind se eie wêreld.

Dié *cool*/maandelikse tydskrif praat kinders se taal. Dit handel oor wat vandag se jonges dink, doen en voel. **Hoezit!** se inhoud is opvoedkundig, maar dit het ook die nuutste inligting oor fliëks, TV-programme en musiek. Dis ’n tydskrif met ’n lekker houding!

NOU BESKIKBAAR BY ALLE TOONAANGEWENDE HANDELAARS!

TEKEN VANDAG IN! SKAKEL 011 919 9112 SOMMER VANDAG NOG VIR MEER BESONDERHEDE

ATKV

“die pretboek met BREINKRAG!”

Hoezit!

2.1 Hoe kry die adverteerder dit reg om jong lesers se aandag te trek met hierdie advertensie? Noem TWEE dinge. (2)

2.2 Van skoolwerk tot nuwe giere, speletjies tot snaakse diere, eksperimente bou tot bekendes dophou, word HOEZIT! elke kind se eie wêreld.

Sê hoe die adverteerder dit regkry dat die woorde hierbo met 'n lekker ritme lees. (1)

2.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Jongmense sal nie die tydskrif wil lees as dit net oor skoolwerk handel nie. Daarom word dit geadverteer as:

- A Hoezit! se inhoud is opvoedkundig.
- B Hoezit! is 'n boek met breinkrag.
- C Jy kan dit by 'n goeie boekwinkel koop.
- D Dis 'n pretboek met breinkrag. (1)

2.4 Die advertensie noem dat Hoezit! 'n tydskrif is met 'n lekker houding.

Watter woord in die advertensie beskryf daardie houding die beste in tienertaal? (1)
[5]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 3: DINGE WAT JY NIE MOET DOEN NIE AS JY VEILIG WIL WEES**

Instruksies: Noem SEWE dinge wat jy nie moet doen nie as jy veilig wil wees.

- Som die WENKE in SEWE goeie sinne op.
- Skryf jou SEWE sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Jy moet een sin oor elke feit skryf.
- Laat 'n reël tussen jou sinne oop.
- Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy sal gepeenaliseer word as jy baie meer as 70 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

DINGE WAT JY NIE MOET DOEN NIE AS JY VEILIG WIL WEES

Rowers hou van winkels waar hulle maklik van die parkeerterrein af tot by die winkel kan kom. Dan kan hulle weer maklik uitglip.

Rowers hou veral van Sondagmiddae, omdat daar ná 'n naweek baie geld in die winkels is. Die meeste rooftogte vind net voor oopmaaktyd en net na toemaaktyd plaas. Wees versigtig gedurende hierdie tye.

Hou jou oë en ore oop. Jy moenie toelaat dat rowers sien wat jy gekoop het nie. Vrouens moet seker maak dat hulle handsakke reg toegemaak is. Moenie 'n handsak oor 'n stoel hang of 'n selfoon op 'n tafel voor jou sit terwyl jy in 'n restaurant eet nie.

Twee belangrike dinge: moet nooit met 'n rower praat nie en moet hom nooit in die oë kyk nie! Dit is baie belangrik om nie terug te baklei as 'n rower jou aanval nie. Gee hom wat hy vra. Niks wat jy het, is belangriker as jou lewe nie. 'n Rower gee nie om of jy leef of sterf nie. In 22% van alle rooftogte word iemand beseer en dis nooit die rower nie!

Die *tweede ding* is: Val dadelik plat as jy iemand hoor skiet en bly op die grond tot jy seker is dat alle gevaar verby is. Onthou, jy is nie *Superman* of *Superwoman* nie!

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 November 2005]


TOTAAL AFDELING B: 10

EN

AFDELING C: TAALKUNDE

VRAAG 4: Woordstrukture

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

Groot soektog nadat (4.1) tier uit (4.2) bakkie ontsnap				
<i>Gloria Edwards</i> <i>Groblersdal</i>				
	4.1	Gee die meervoud van tier (opskrif).	(1)	
	4.2	Gebruik bakkie (opskrif) in 'n duidelike sin in 'n ander betekenis as in die opskrif.	(1)	
Nou hoop hulle maar net (4.3) dié kat kom weer.	4.3	Voltooi die volgende idiomatiese uitdrukking: As die kat weg is, ... (Skryf die hele sin neer.)	(1)	
'n Tier van (4.4) 17 maande oud het almal bang gemaak nadat hy (4.5) Maandagaand stilletjies uit sy eienaars se bakkie gekom het en nou iewers tussen Groblersdal en Delmas rondloop.	4.4	Skryf die getal 17 uit in woorde.	(1)	
	4.5	Gee die afkorting vir Maandag .	(1)	
(4.6) Helikopters en honde is gebruik om Panjo [(4.7) Italiaans vir "spelerig"] te probeer opspoor.	4.6	'n Persoon wat helikopters vlieg word 'n ... genoem.	(1)	
	4.7	Wat noem ons die inwoners van Italië ?	(1)	
Maar Panjo het (4.8) op vrye voet gebly.	4.8	Wat beteken: "op vrye voet"?	(1)	
Sy (4.9) eienaar, hoop hy sal gou by hul kleinhoewe by Endicott naby Springs opdaag.	4.9	Gee die vroulike vorm van: eienaar.	(1)	
Die tier het êrens langs die (4.10) (pad/pat) uitgespring.	4.10	Kies die korrekte spelling van die woord tussen hakies.	(1)	
(4.11) Mnr. Fernandes sê: "Ek weet nie hoe Panjo die kap van die bakkie kon oopmaak nie."	4.11	Skryf die sin in die indirekte rede .	(2)	
Hy vertel die tier is (4.12) baie mak.	4.12	Gee die intensiewe vorm van : baie mak	(1)	

(4.13) Me. Wendy Wilson van die (4.14) Dierbeskermingsvereniging het gesê dit is 'n tier se (4.15) (natuurlik) instink om huis toe te gaan.	4.13	Sê wat Wendy Wilson se huwelikstatus is. Kies een van die volgende antwoorde: A getroud B ongetroud C huwelikstatus word nie aangedui nie	(1)
	4.14	Gee die korrekte afkorting vir: Dierbeskermingsvereniging.	(1)
	4.15	Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.	(1)
(4.16) Die Dierbeskermingseenheid het die tier gered.	4.16	Skryf in die lydende vorm :	(2)

[18]

VRAAG 5:

Lees die onderstaande strokies uit: www.litnet.co.za deur en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

5.1



Skryf die volgende sinne oor en begin soos aangedui.

5.1.1 Skryf die sin in die ontkennde vorm:

Meester wil hê ek moet ekstra-Wiskundeklasse neem. (Raam 1) (1)

5.1.2 Skryf die sin oor in die verlede tyd.

Juffrou Strydom sê ek moet operette oefen. (Raam 2) (2)

5.1.3 Skryf die sin in die toekomstige tyd.

Neelsie gaan nêrens heen nie. (1)

5.2

MEESTER

Danie Cronjé



5.2.1 Kosie sê: "Meneer, ons het oral gesoek.(Raam 1)

Kosie sê vir Meneer dat ...

(2)

5.2.2 Voltooi die volgende sin deur die korrekte antwoord in te vul. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Ai tog! is 'n voorbeeld van 'n ...

- A stelsin.
- B vraagsin.
- C bevelsin.
- D uitroepsin.

(1)

5.3



5.3.1 Verbind die volgende sinne met die woord tussen hakies.

Die selfoon kan 'n e-pos stuur. Dit kan ook op die internet gaan. (dus)

(1)

[8]

VRAAG 6: Kritiese taalbewustheid

6.1 Kies elke keer die korrekte antwoord.

As iemand jou vra hoe dit met jou gaan, is die beste antwoord om te gee:

- A Baie dankie
- B Goed dankie
- C Tot siens
- D Goeienaand (1)

6.2 By watter voorbeeld kan jy "En met jou?" voeg?

- A MÔre! Goed dankie ...
- B Hallo! Hoe gaan dit?
- C Goeie middag, gaan dit goed?
- D MÔre! Hoe gaan dit? (1)

6.3 Met watter woorde praat jy 'n vriend moed in?

- A Ek weet jy kry swaar, maar moenie nou moed opgee nie.
- B Ek weet jy kry swaar, maar moenie dink dit sal gou verbygaan nie.
- C Dit lyk my jy het moed opgegee. Dis beter so.
- D Ek wens jy wil nie so moedeloos lyk nie.
- E Ander mense hanteer so 'n probleem maklik. (1)

6.4 Watter voorbeeld is nie gepas om die skoolhoof mee te groet nie?

- A MÔre, Meneer.
 - B Goeiemôre, Meneer.
 - C Ek groet u, Meneer.
 - D Hoezit! (1)
- [4]**

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D SKRYFWERK**VRAAG 7 DIALOOG OF OPSTEL****INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie Afdeling.
2. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
3. Die uiteensetting van jou skryfstuk is baie belangrik.
 - 3.1 Beplan jou skryfstuk voor jy begin skryf. Skryf "**Beplanning**" boaan.
 - 3.2 Skryf nou die **Finale Produk**. Onthou om die vraagnommer en onderwerp boaan te skryf (indien van toepassing).

Kies VRAAG 7.1 OF 7.2

7.1



[Image Library]

Jy het swak gedoen in een of meer vakke in die Junie-eksamen. Jy voel baie sleg daarvoor en probeer aan jou pa verduidelik hoekom dit nie goed gegaan het nie. Skryf die gesprek tussen jou en jou pa in **dialogvorm**.
(100 – 120 woorde)

(20x2) [40]

OF

7.2



Skryf 'n **opstel** (100 – 120 woorde) waarin jy vertel wat julle huisgesin sal doen as julle vyf miljoen rand met die Nasionale Lotery wen.

(20x2) [40]

TOTAAL: 40**GROOTTOTAAL: 100**